

# Konrad se verhaal

## Deel 1: Die dag toe die aarde ophou draai het

*Deur Doreen Swiegers*

'n Nuwe jaar het begin. Dit was Januarie 2007. Die vorige jaar, 2006, was so propvol seëninge dat dit gevoel het asof God al die "Mooie en Goeie" wat vir my van die begin af beplan is, gelyk op my laat neerreën het.

Ek het my Liefman so gemis, maar nogtans het soveel omgeemense om my toegemaak en dit 'n buitengewone jaar gemaak. Ek het 70 jaar oud geword. My gesondheid was goed. Ek het heerlik in my klein tuinwoningstel (Die Okkerneutjie) in Hartenbos gebly. My drie seuns was so lief en goed vir my. My talle vriende ook. Ek het drie afsonderlike partytjies gehad. Die lewe was die moeite werd. My dierbare middelkind, Konrad, trek toe nog 'n haas uit die hoed: sy geskenk aan my is 'n paar weke saam met hom in Londen, my gunsteling-stad.

September vertrek ons en bekuier en ervaar daai stad soos nog nooit tevore nie. Ons neem Madame Tussauds op horings en neem foto's vir Afrika.

Hy laat my soveel toe, en dink nie 'n oomblik aan homself nie. Ek sit en staan ure om in Westminster Abdy. Ek lees grafskrifte. Ek steek kersies op vir my Man, Mamma en Pappa, wat beslis kopskuddend, maar glimlaggend uit die Hemel alles aanskou het.

Ons eet elke oggend yslike borde Engelse ontbyt om tot 4uur te kan uithou.

Ons vaar op die takriviertjies tot by Camden... ons bekyk Londen uit die London-Eye, ons klim die steilste trappe (soos die Tower). Ons gebruik daardie Underground dat dit voel of ons 'n aandeel daarin het.

Ons slaap op vuil matte so tussen die lawaai op Bahrein, waar ons 4 uur moet oorbly. En volgelaai met geskenke, stories en baie lag, keer ons terug huis toe.

Die res van die jaar vlieg verby, met soveel gelukkige oomblikke. Voor ons ons oë kon uitvee, is dit Desember en tyd vir ons jaarlikse vakansie by Wernher (die jongste) in die Kaap.

Skielik wil Konrad en sy saamwoningmaat en haar kinders nie gaan nie. Hulle het altyd die meeste daarna uitgesien. Ons aanvaar hul besluit en geniet tog Desember gate uit, en kom gereeld met Konrad in aanraking.

Maar op 7 Januarie 2007 hou die Aarde op met draai.

Elfuur die oggend bel Konrad my lag-lag soos gewoonlik. Sê ek moet asseblief nie al sy lugtyd oppraat nie, en hy sal maar gou moet praat, want hy moet nog skottelgoed was.

Laggend vermaan hy my om nie sy verjaarsdag te vergeet op 12 Januarie nie.

Vyfuur daardie aand wil Wernher hê ek moet weer saamry Stellenbosch toe, na my man se broerskind en sy gesin.

Ons het twee aande vantevore daar gekuier, maar ek ry maar saam.

Dis toe ons voor hul deur stilhou en hulle almal gelyk motor toe kom dat Wernher sê:

Ek kon dit nie alleen hanteer nie, Mams... Konrad is dood.



Ek skryf 'n gedig vir my kind:

MY KIND

*My kind het gespring  
Soos Icarus, sonder vlerke  
Het hy getuimel en getol  
Na daar waar geen vangnet was.*

*En tuis by die kleinhoewe,  
Waar hy so gelukkig was,  
Het die Boerboelteef en twee keffertjies  
Op die welkomklank van sy kar gewag.*

*Maar hy het alreeds gespring.  
En ver benede tussen plant en rots  
Net 'n rommelhopie van been en vlees,  
In sy bloed, wat plasmaak, stil geraak.*

*Stom van verdriet, leeggetreur,  
wonder ons maar elke dag,  
Het God vir 'n sekonde weggekyk,  
En vergeet om ons liefing raak te vang?*

*( Hierdie gedig het in die Christian Poetry Society se versamelbundel, The Greatest Gift, verskyn. )*

## Deel 2: Huldeblyk van 'n ma

12 Januarie 1969 - 07 Januarie 2007

*Deur Doreen Swiegers, by Konrad se dankdiens*

*"O, die pyngedagte; my kind is dood,  
DIT BRAND SOOS 'N PYL IN MY.  
Die Mense sien daar niks nie van,  
En die Here alleen die weet wat ek ly" (Totius)*

My Konrad-kind is dood en ook my hart is een stuk pyn. Hy het gegroet... ek het dit net nie geweet nie. Oor die telefoon was hy sy ou laggende self. "Hi Mams, dit sal net 'n vinnige hello en koebaai wees. Ek was skottelgoed en ek haat Manual Labour." Ons het nog gelag daaroor.


En toe... later daardie middag, het my kind gespring en sy jongmenslyf aan stukke geval.

Hoe aan die einde van sy uithouvermoë moes hy nie gewees het nie. Is dit waarom hy aan stappers wat hom wou help, gesê het: "Ek kan nie meer nie!"

EN ORAL EN ALTYD, IN DIE TYE WAT KOM, SAL EK MY KIND SIEN!

Ek sal hom sien as die langhaar-koliekbabatjie wat meer op-en-wakker is as ooit wanneer vriende aanbeveel het dat ek brandewyn in sy melkies moes gooi dat hy kon slaap.

Ek sien die kleuter met die goue haartjies, wat so lief was vir



avontuursoek. Ek sien hom padvat – terwyl ons ander “Desperado’s” die toegedraaide hekke nog ooptoring, het hy laaankal bo-oor geklim.

Die kleutertjie wat toe al lankal daardie jare se sub A-klasse bekuier het en soooo graag wou skool toe gaan, maar nog te jonk was. Wat toe in 1975, op die 2de dag van die nuwe kwartaal, as sikspens-blink Sub-A’tjie die klas binnestap omdat ons nie meer sy geneul kon uithou nie en omdat hy absoluut skoolgereed was.

’n “Terrible” Driemanskap vorm. Hulle kry dikwels pak, want hulle vang stoute dinge aan. Hulle stuur Wellington, die skool-faktotum, om buite die skoolgronde te gaan sigarette koop... Hulle hoes en proes so dat ’n klikbek hulle hoor en sien en gaan verkla. Pa Joe, skoolhoof, self roker van skooldae af, moet ’n kwaai gesig opsit en straf uitdeel en opskryf in die strafboek.

Konrad Swiegers...? Houe... rook op skoolgrond.

Johan Marx...? Houe... rook op skoolgrond.

Rudolph Thirion...? houe... rook op skoolgrond...

Konrad het NOOIT weer gerook nie.

Ek sien my vrolike kind besig met sy eie entrepreneurskap... lank voor dit ’n gonswoord geword het. Alles self uitgedink. Ons ry ente met hom na Noord-Einde se winkeltjies toe vir kraletjies en dun pypies wat in vistenke kom.

Hy sit ure en “bangeltjies” maak... huiswerk is bysaak. Vroegdag wag dogtertjies hom by die skoolhek in, geldjie styf in die hand om hul bestellinkies, hul spesiale armbandjies, te koop.

Daarna het hy opgradeer. Hy het die *Herald*, maar veral die *Evening Post*, se ruilkolom ontdek. Dit was Pac-man, TV-speletjies, fietse, 50cc-motorfietse, motors, en, baie later, eiendom.

Maar eers was dit ’n lendelam bakkie wat vroegoggend op Grahamstad pynappels gaan pluk het... boepensvol. Dis skrape en snye wat behandel moet word, maar alles was die moeite werd as hy stillertjies vir Oupa Harry en Ouma Dolly opgeklop het met warm Viennas en Chips. Dan hou hulle middernagfees terwyl ons ander slaap.

My Avontuurkind het vir sy skool hooggespring en rugby gespeel. Hy het vir homself ge-bungijump en uit helikopters gehang en gespring om vir Lesotho se vee voer te bring in die sneeu. Hy het op yslike besems gery, toe onder die skoonmaaskuim, agter ’n trekker aan, wanneer die lugmagloodse skoongemaak is.

KONRAD HET MEER GELEEF IN 37 jaar as vele op 77!

VIR HIERDIE VRYE GEES, SKEPPING VAN GOD... VIR JOU: OPREGTE DEERNIS EN LIEFDE, MY KIND.

Ons groet jou en sê baie dankie dat jy deel van ons huisgesinnetjie was.

ONS HOU JOU VIR EWIG IN ONS HARTE.

– *Mamma, Francois en Wernher.*

### **Deel 3: Mense agter Maskers**

*Deur Doreen Swiegers*

Twee jaar nadat die Aarde ophou draai het... dié dag toe my vrolike middelkind sy pragtige, gesonde, welgevormde jongmenslyf van ’n hoë treinbrug naby Port-Elizabeth afgewerp het, ontmoet ek hierdie wonderlike, spesiale mense.

Hulle dra die oulikste maskers – sommige onopgesmuk, met 'n soet glimlaggie; ander stil soos die pragtige Piéta in die Sisteinse Kapel in Rome. Daar is diegene wat nogal verkies om hansworsmaskers te dra. Vrolik-vrolik loop hul die lewe storm.... met nie 'n pyn of probleem nie.

Maar die oulike maskers veroorsaak nogal 'n ongemaklikheid. Dis soos 'n verkeersman wat sy hand omhoog hou en sê: Stop! Waag dit nie naby my nie.

Ek begin twyfel aan die waarde van die Compassionate Friends vir my.

“Treur hierdie oulike mense dan nie soos ek nie? Bars hulle nie onverwags in trane uit wanneer daar skielik 'n deuntjie, 'n prentjie, 'n snaakse sê-dingetjie... die feit oopruk, dat jy NOOIT WEER jou kind op hierdie Aarde gaan sien nie?”

Maar soos die maande verbysleep, begin die maskers minder raak. Ons los dit in die motor of snippermandjie by die ingang, totdat ons almal, kaalgestroop (figuurlik darem hoor) voor mekaar staan.

Ons huil onbeskaamd. Ons vertel van die erge pyn in ons harte... die vrese oor ons ander kinders. Ons erken teenoor mekaar hoe angsbevange ons is as ons kinders net 'n bietjie laat is. Hoe besitlik ons geword het.

Ons staan in mekaar se teenwoordigheid met rooigehulde oë en maskarastrepe, opgefrommelde snesies en toegestopte neuse.

En soms lag ons ook oor snaakse Onthou's.

Dit word lig in ons. Ons vind uit dat “ongemaklik”, soos vir buitestaanders, NIE belangriker is as pyn nie. Ons leer dat ons sulke spesiale mense is dat ons vir jare 'n oor, 'n skouer of 'n hele EK aanbied en nie sal sê: “Aardetjie, hoe lank is dit nou al? Wanneer gaan jy ophou treur nie?”

Ons leer om met “sawwe” oë na mekaar te kyk. Ons draai mekaar om ons harte soos snoesige trooskombersies.

Al het ons nooit die ander se kinders geken of gesien nie, word hulle “ONS KINDERS”. Ons deel 'n geheimenis. Die mense daar buite sal dit nooit ken of begryp nie. Ons weet dat ons nooit sal ophou treur oor ons kinders nie. Hulle moes ons begrawe of veras het. Hulle moes oor ons getreur het.

Maar ons aanvaar hierdie pletterslag wat ons toegedien is. Ons groei ryper, want ons gooi mekaar nat met begrip, bemoediging en hope empatie.

Ons loop nie voor of agter mekaar nie.... ons loop langs mekaar. Watter kosbare geskenk. En so loop ons uit, na die buitewêreld, gewapen met ander Compassionate Friends se landlyn- en selfoonnommers... hul huisadres en webadres en die wete dat ons mekaar te eniger tyd mag kontak wanneer ons mekaar nodig het.

En in die motor en by die deur sit ons gou weer ons oulike maskertjies op.

Ons wil tog niemand ongemaklik laat voel nie. Ons IS mos baie besondere en oulike mense.